

Die belofte van rus is steeds van krag (OP84)

Heb 4:1-10

10 April 2022

Laasweek het ons na Heb 3:7-19 gekyk. Daar het ons geleer dat die grootste deel van die destydse Ou Testamentiese volk nie na 40 jaar in die woestyn die beloofde land ingegaan het nie. Die rede hiervoor was dat hulle hulle harte verhard het, dat hulle opstandig en ongehoorsaam was, en ten diepste dat hulle ongelowig was. Die Hebreërskrywer het dit gebruik as motivering om die broers op te roep dat hulle moet toesien dat daar nie soortgelyke gevalle van ongeloof ook in hulle midde voorkom nie. Hulle moet gereeld hieraan aandag gee – elke dag solank daar nog 'n vandag is, en indien hulle wel sulke gevalle vind moet hulle dit dringend aanspreek. Die slotsom was dat alleen diegene wat end-uit volhard in die vertroue waarmee hulle begin het, deelgenote van Christus sal bly.

Vandag kyk ons na Heb 4:1-10. As jy deur die gedeelte lees word dit baie vinnig duidelik dat die skrywer steeds fokus op die tema van “rus”. Waar die fokus in Heb 3 grotendeels was om te waarsku dat daar mense mag wees wat verkeerdlik onder die indruk mag wees dat hulle die rus sal ingaan en hoe die broers sulke mense moet waarsku, is die fokus in Heb 4 om baie pertinent duidelik te maak dat daar steeds so 'n rus is, en die skrywer wil ook duidelik maak wie in die rus sal ingaan. Die skrywer antisipeer dat daar 'n vraag by sy lesers sou kon ontstaan of hierdie rus steeds bestaan. Het God nie dalk die rus opgehef siende dat die volk destyds die rus gering geskat het en die meeste in elk geval nie in die rus ingegaan het nie? Voeg verder hierby dat die tweede geslag na die uittog wel na 40 jaar in die woestyn die beloofde land ingeneem het, en die vraag sou gevra kon word: is daar nou nog steeds 'n belofte van rus beskikbaar? Is die belofte nie vervul met die inname van die land nie? En indien wel, wie gaan die rus ontvang?

In Heb 4:1-10 gee die skrywer drie redes waarom ons seker kan wees die belofte van rus is steeds van krag. Die drie redes is: Omdat die belofte van rus (1) deel is van die evangelie, asook (2) deel is van die skeppingsordonansies, en (3) omdat God die belofte deur die geskiedenis herhaal.

Heb 4:1-3a God se belofte van rus is steeds van krag want dit is deel van die evangelie

Uit vers 1 word dit direk duidelik dat die skrywer sy lesers die versekering gee die belofte van die rus is steeds van krag. Een van die redes waarom die belofte steeds staan, is omdat dit 'n belofte van God is. God is getrou en betroubaar, Hy is onveranderlik, Hy gaan nie terug op Sy woord nie – daarom staan die belofte steeds. Die feit dat die eerste geslag van die volk grotendeels hulle rug op die belofte gedraai het, bedreig glad nie die geldigheid van God se belofte nie – die tweede geslag saam met Josua en Kaleb het wel die rus ingegaan. Al wat nie gerealiseer het nie is dat die eerste geslag nie daarin gedeel het nie. Die belofte staan steeds en sal bly staan tot op die dag dat die belofte in vervulling gaan.

Die vers rig dan ook direk 'n oproep aan die lesers dat hulle moet seker maak dat dit nie later sal blyk of duidelik word dat een van hulle agtergebly het nie. Soos destyds in die woestyn is die onsekerheid nie of die belofte nog staan of nie, die vraag is: wie gaan deel in die vervulling van die belofte? Waar daar in Heb 3 'n baie sterk fokus geplaas was dat die broers na die ander belydende gelowiges moet omsien om seker te maak hulle harte is nie verhard nie, lyk dit hier of die oproep gerig is dat elkeen ook na homself moet kyk om seker te maak hy/sy bly nie agter wanneer die ander in die rus ingaan nie.

Die NAV sê “ons moet oppas dat ons nie agterbly nie”. Letterlik staan daar: “Laat ons dan vrees”. Die opdrag is om te vrees dat niemand agterbly nie. Dit mag vreemd klink dat ons moet “vrees” om nie agter te bly nie. Veral in ons tyd waar respek vir meerderes aan die kwyn is, waar die samelewing al hoe gemakliker word met gesagstrukture en waar selfs die kerk al hoe gemakliker word met God, klink hierdie oproep vreemd. Daar word geredeneer: Jesus het tog self in Joh 14:27 gesê: “Vrede laat Ek vir julle na, My vrede gee Ek vir julle....Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie”, of 2 Tim 1:7 leer tog “Want God het ons nie ‘n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing”. Maar nou kry ons hier ‘n opdrag om wel te vrees. Ja, dis waar – maar onthou ook 1 Pet 2:17 wat leer “Vrees God en eer die keiser”, of Fil 2:12 wat leer ons moet ons heil met vrees en bewing uitwerk. Selfs in Op 19:5 in die beskrywing van die bruilofsmaal van die Lam lees ons: “Loof ons God, al Sy dienaars, die wat Hom vrees, klein en groot”. Vrees hoort by gelowiges in die vorm van respek vir God se heiligheid. Die vrees wat nie by gelowiges hoort nie is die vrees wat die duiwel vir God het – hy vrees God omdat hy weet God se oordeel gaan hom tref. As jy in God se rus wil ingaan en in Sy teenwoordigheid wil kom – kan jy alleen met vrees kom, met die hoogste vorm van respek. En die oproep hier is om met vrees, met respek en erns, te besin of jy wel in die rus sal ingaan. Aan die ander kant as jy nie belang het in Sy rus nie, behoort jy ook te vrees – maar dan soos die duiwel wat wag op God se oordeel.

In verse 2-3a maak die skrywer die stelling dat “ons”, d.w.s. hy en sy lesers, die goeie boodskap, letterlik die evangelie, ontvang het net soos die volk dit ontvang het. Ek glo ons kan maklik verstaan dat die Hebreërs die evangelie gehoor het, siende dat hulle gelowiges was uit die Joodse geloof. Iewers is die evangelie aan hulle verkondig waarop hulle gereageer het. Maar het die Ou Testamentiese volk ook werklik die evangelie ontvang? Wel, hulle het die Ou Testamentiese weergawe van die evangelie ontvang: hulle het byvoorbeeld die tabernakel en die offerdiens ontvang, wat, soos ons al herhaalde male gesien het, skadu’s en tipes was wat vooruit gekyk het na die koms van die Seun. Maar in hierdie simbole wat hulle ontvang het was die evangelieboodskap reeds opgesluit: die Verlosser sal kom wat hulle werklik van hulle sondes gaan verlos.

Maar hoekom het hulle dan nie in die rus ingegaan nie? Wel vers 2 sê: want hulle het dit net gehoor, en hulle het dit nie geglo nie. Dit is net eenvoudig nie genoeg om net die evangelie te hoor nie. Dit was nie vir die volk destyds genoeg nie, en dit is steeds nie genoeg nie. Dit is nie genoeg om selfs elke week die evangelie te hoor in die prediking nie – dit is nie sulke mense wat in die rus sal ingaan nie. Vers 3a maak dit duidelik wie wel sal ingaan: “ons wat glo”. Dit is die wat die evangelie hoor én dit glo wat wel sal ingaan. Die Heidelbergse Kategismus som geloof op as kennis van jou sondenood en kennis van die verlossing wat deur die Seun bewerk is (jou kennis word gebou deurdat die evangelie aan jou verkondig word) wat opgevolg moet word deur vertroue in en oorgawe aan die Seun wat jou verlos. Kyk na Heb 11:13b (OAV): Hier lees ons dat die Ou Testamentiese geloofsgetuies, waarvan in Heb 11 gepraat word, die beloftes (insluitend die belofte oor die rus) gesien en geglo en begroet het. Dit beteken hulle het die evangeliebeloftes geken en verstaan, hulle was oortuig hierdie beloftes is waar en ook beskikbaar vir hulle, hulle het die Leidsman na die verlossing omhels as hulle Verlosser, hulle het in Hom berus as hulle enigste hoop op die rus. Dit is sulke mense wat die rus sal ingaan, en nie die wat dit net gehoor het nie – selfs nie al het hulle dit vir 40 jaar gehoor nie.

Die belofte van rus is dus deel van die evangelie – en soos wat die evangelie steeds van krag is, is die belofte van rus ook steeds van krag.

Heb 4:3b-6 God se belofte van rus is steeds van krag want dit is deel van die skeppingsordonansies

In vers 3b lees ons weer daardie aanhaling uit Ps 95 waar God gesê het dat Hy in Sy toorn 'n eed afgelê het dat die volk nie in Sy rus sou ingaan nie. Laasweek het ons in detail gekyk na hoe die volk se herhaalde rebellie oor 'n lang periode aanleiding gegee het dat God se toorn ontvlam het, en dat God hierdie eed afgelê het. 'n Mens sou nou kon vra: Beteken dit die einde van die belofte van rus? Verse 3c-5 antwoord die vraag. Lees verse 3c-5. Die skrywer, o.l.v. die Heilige Gees, sê daar is nog 'n saak waaroor ons moet dink – en dit is wat tydens die skepping gebeur het. Vers 3c sê dat God se werk sedert die skepping reeds afgehandel is. Die OAV praat van die “grondlegging van die wêreld” i.p.v. om van die skepping te praat. Dus: Sedert die grondlegging van die wêreld was God se werk reeds afgehandel. Wat beteken dit? Kom ons hou aan met lees: Vers 4 gaan nou voort om te sê dat daar êrens in die Skrif geskryf is dat God op die sewende dag gerus het van al Sy werk. Waar staan dit in die Skrif? Natuurlik in Gen 2:2. Ons lees in Gen 2:2 dat op die sewende dag was God se skeppingswerk klaar (NAV), oftewel voltooi (OAV), oftewel afgehandel (Heb 4:4) – en die gevolg hiervan was dat God gerus het. Gen 2:3 gaan dan voort om ons te leer dat God die sewende dag toe as gereelde rusdag ingestel het en dit geheilig het – omdat Hy toe gerus het na die afhandeling van Sy skeppingswerk. Jy sou na die Ou Testamentiese geskiedenis kon gaan kyk hoe hierdie instelling van die sabbatdag verder ontwikkel het. By Sinai het die Here onder andere ook detail voorskrifte gegee oor die hou van die sabbatdag – een voorbeeld daarvan is die feit dat die sabbatdag die fokus is van die vierde gebod.

Maar kom ons gaan terug na Heb 4. Wat is nou die punt van die Hebreërskrywer? Sy redenasie is die volgende: Ja, dit is so, God het in Sy toorn 'n eed afgelê dat die volk nie in Sy rus sal ingaan nie. Maar, dit beteken glad nie dat dit die einde van die belofte van rus beteken nie. Hoekom nie? Want jy moet teruggaan na waar die belofte van rus begin het. Dit het begin reg aan die begin. Dit het begin toe God die hemel en die aarde gemaak het – of soos wat die OAV dit stel: dit het begin met die grondlegging van die wêreld. Kan ek dit in ander woorde stel: dit het begin toe God die grondreëls van Sy skepping neergelê het. Kan ek dit so uitdruk: dit het begin toe God die grondwet van Sy skepping neergelê het. Geliefdes: dit is die aangrypende van Gen 1 en 2 – dit gaan oor oneindig meer as net dat God die hemel en die aarde gemaak het – dit gaan oor die beginsels wat God neergelê het oor wat Hy met hierdie skepping wil bereik. En toe God klaar geskep het, aan die einde van Sy skeppingswerk, aan die einde van die grondlegging – toe rus Hy. En toe stel Hy die gereelde rusdag in. Hoekom? Want Hy wou daardeur kommunikeer dit is waarheen hierdie skepping op pad is – dit is waar alles gaan eindig. Soos wat Hy gerus het aan die einde van Sy skeppingswerk, so gaan Sy skepping ook eindig in rus. Ons weet uit die res van die Bybel dat die ganse skepping na daardie rus uitsien (lees maar weer Rom 8). Maar veral die mense wat die kroon van die skepping is, kan nadat hulle al hulle skeppingsopdragte voltooi het, uitsien om ook te deel in hierdie rus. Hierdie rus is sak en pak deel van die skepping, dit lê aan die hart van die skepping, dit is in 'n sekere sin die doel wat bereik gaan word aan die einde van die skepping soos wat ons dit ken. Soos wat God geskep het en gerus het toe Hy klaar geskep het, so moet die mens sy rol as kroon van die skepping voltooi en daarna kan hy die rus ontvang. Dit is ondenkbaar dat die belofte van die rus nie meer bestaan nie, selfs al het God gesê die volk sal beslis nie in Sy rus ingaan nie.

Dan kom vers 6 en rond die hele argument af: Die wat nie in die rus van God sal ingaan nie, is die mense wat ongehoorsaam was al het hulle die evangelie gehoor, selfs al het hulle dit herhaaldelik gehoor. Die probleem is hulle ongehoorsaamheid, hulle opstandigheid, hulle harde harte, hulle ongeloof – dit is waar die probleem lê! Maar al is dit 'n groot probleem, al was dit waar van bykans die hele eerste geslag wat uit Egipte verlos is, al is dit steeds 'n groot probleem in die kerk in 2022, al beteken dit dat hierdie mense beslis nie die rus sal ingaan nie – bedreig dit hoegenaamd nie die feit dat daar steeds die belofte van rus is nie – want die rus is deel van grondlegging, van die

grondbeginsels, van die grondwet van God se werk in en deur die skepping. En daarom is daar steeds die moontlikheid dat sommiges in die rus sal ingaan – en die sommiges is die wat waarlik glo (vers 3).

Heb 4:7-9 God se belofte van rus is steeds van krag want God herhaal die belofte deur die geskiedenis

In verse 7-9 spreek die skrywer nog 'n moontlike bekommernis van Sy lesers aan: Die feit van die saak is dat die volk destyds wel eventueel die beloofde land ingeneem het – ja, dit was weliswaar nie die eerste geslag wat uit Egipte verlos is nie, maar wel die tweede geslag. Nogtans, die volk het die beloofde land ingeneem en het dus in die rus ingegaan – is die belofte nie daardeur vervul nie? Is daar werklik steeds 'n belofte van rus?

Lees Heb 4:7-9. In vers 7 word daar weereens verwys na Ps 95. In vers 7 word hierdie aanhaling ook beskryf as woorde wat Dawid sou geskryf het – ons kan dus aanvaar dat Dawid die digter was van Ps 95. Die punt van die skrywer is nou dit: God het deur Dawid gepraat – dit is wat vers 7 sê, en dit is in lyn met wat ons laasweek in Heb 3:7 gesien het, naamlik dat die Heilige Gees in hierdie aanhaling aan die woord is. Die punt om raak te sien is dat Dawid baie jare na die inname van die beloofde land geleef het – waarskynlik iets soos 400-500 jaar na die volk in die land ingegaan het, oftewel nadat die volk die rus ingegaan het. Maar toe God deur Dawid gepraat het, het Hy gesê: “Vandag, as julle Sy stem hoor, moet julle nie hardkoppig wees nie”. Daar was dus honderde jare nadat die volk in die beloofde land in is, steeds 'n oproep van God dat hulle moet let op die belofte van die rus. Vers 8 maak dan spesifiek die punt: as Josua die volk werklik in die rus ingelei het, sou God nie honderde jare later deur Dawid van nog 'n “vandag” gepraat het waarop die volk moet seker maak dat hulle nie harde harte het nie. Ons moet dus verstaan dat die rus waarin Josua die volk ingelei het toe hulle die beloofde land ingeneem het, bloot 'n skadu of 'n tipe was van die werklike rus wat God in gedagte gehad het met die skepping. 'n Stuk of 500 jaar later het God steeds deur Dawid gesê daar is 'n vandag waarop die belofte van die rus steeds van krag is. Meer as 'n 1000 jaar na Dawid het God deur die Hebreërskrywer weer gesê daar is steeds 'n vandag waarop die belofte van die rus steeds van krag is. En vandag, 2000 jaar na die Hebreërskrywer mag ons steeds verseker wees daar is steeds 'n vandag waarop die belofte van die rus steeds van krag is. Die feit dat die volk reeds daarin gegaan het, hef dus geensins die belofte op nie. Nee, wat met die volk gebeur het moet vir ons as voorbeeld en waarskuwing dien sodat ons seker sal maak dat ons harte nie hard is nie. Maar die werklike rus lê nog voor, en ons moet steeds vrees dat ons wel daar sal ingaan.

Vers 9 maak dus die noodwendige gevolgtrekking: daar wag dus steeds 'n sabbatsrus vir die volk van God, vir die wat die evangelie hoor en dit glo. Ons kan oortuig wees hiervan, want die belofte van rus maak deel uit van die evangelie wat God oor die loop van eeue geopenbaar het. Ons kan oortuig wees hiervan, want die belofte van rus maak deel uit van God se skeppingsordonansies. Ons kan oortuig wees hiervan, want God herhaal die belofte van hoop deur die loop van die geskiedenis.

Heb 4:10 Elkeen wat in die rus ingaan, rus van sy werk

Ek moet erken hierdie is een van die meer uitdagende verse vir my om te verklaar – veral omdat daar verskillende opinies is oor die betekenis. Dit is nodig dat ons na verskillende vertalings kyk om 'n behoorlike begrip te ontwikkel:

NAV: want elkeen wat in die rus van God ingaan, rus van sy werk, net soos God van Syne

OAV: want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van Syne

ESV: for whoever has entered God's rest has also rested from his works as God did from his

Ek wil graag na 3 maniere verwys waarop hierdie vers geïnterpreteer word:

- Een interpretasie is dat hierdie vers verwys na die werk van die Seun. Die “elkeen” of “wie” in vers 10 verwys na die Seun. Die betekenis van die vers is dan: “Daar wag steeds ‘n sabbatsrus, want Hy (dit is die Seun) wat in die rus van God ingegaan het, rus van Sy werk, net soos God van Syne.” Ek dink nie daar is inhoudelik ‘n probleem met so ‘n stelling nie. Dit is immers so dat gelowiges alleen die rus kan ingaan op grond van die werk van die Seun. Verder het die Seun ‘n eenmalige offer gebring en in ‘n sekere sin is Sy werk klaar (ek ignoreer bewustelik die voortgaande werk van die Seun). ‘n Mens sou kon redeneer dat die Seun rus na Sy verlossingswerk, soos wat die Vader rus van Sy skeppingswerk. AW pink interpreteer die vers so. Maar ek sukkel hiermee en stem saam met Hewitt se besware hierteen: (i) hoekom vertaal meeste vertalings met “wie/elkeen/whoever” en nie met “Hy” nie, en (ii) daar is geen verwysing in die direkte konteks na die Seun nie – die laaste direkte verwysing na die Seun was in Heb 3:14, en die volgende direkte verwysing eers in Heb 4:14.
- ‘n Tweede interpretasie is dat hierdie vers na die gelowige verwys wat die rus ingaan omdat hy rus van sy eie werke waardeur hy die rus wil of kan verdien. Dan beteken die vers die volgende: “Daar wag steeds ‘n sabbatsrus, want elkeen wat in die rus van God ingaan rus van sy werk (om sy eie saligheid te verdien), soos God van Syne.” Weereens het ek nie inhoudelik ‘n probleem met hierdie stelling nie – natuurlik gaan niemand deel kry aan die rus op grond van sy eie verdienste nie. Edgar Andrews interpreteer die vers so, Thomas Hewitt mik ook in hierdie rigting. Maar ek is nie oortuig nie: My grootste beswaar is dat ek nie die verband sien tussen die feit dat ons rus van werke om ons saligheid te verdien en God wat gerus het van Sy skeppingswerk nie.
- Die derde interpretasie maak vir my die meeste sin, en ek weet net van Stuart Olyott wat half neig in hierdie rigting, maar nie al die detail uitlig nie. Volgens hierdie interpretasie beteken die vers die volgende: “Daar wag steeds ‘n sabbatsrus, want elkeen wat in die rus ingaan rus van sy skeppingsopdragte, soos God van Sy skeppingswerk.” Tydens die skepping het God ‘n verskeidenheid opdragte aan die mens gegee: Hulle moet vermeerder en die aarde vul. Hulle moet die tuin bewerk en bewaak. Hulle moet oor die aarde heers en dit onderwerp. Hulle moet die sabbatdag onderhou. Hiermee moet hulle besig wees tydens hulle lewens hier op aarde in God se skepping. Die einde van die skepping soos ons dit ken, kom wanneer hierdie werk afgehandel is. Dit is wanneer die gelowiges finaal die rus ingaan. Dit is ook wanneer hulle rus van hulle skeppingsopdragte – omdat dit klaar is, soos wat God gerus het van Sy skeppingswerk op die sewende dag – omdat dit klaar was. Boonop is dit in lyn met wat ons in Op 14:13 lees: “Skryf op! Geseënd is die wat van nou af in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, hulle sal rus van hulle arbeid, want alles wat hulle gedoen het volg hulle.”

Opsommend

Die belofte van rus is steeds van krag.

- Die belofte van rus is steeds van krag omdat dit deel van die evangelie is. Die feit dat baie die evangelie hoor en nie die inhoud daarvan glo nie, beteken geensins dat die beloftes van die evangelie, insluitend die belofte van die rus, nie meer van krag is nie. Dit beteken net hulle glo nie die beloftes nie, en gaan dus nie daarin deel nie.
- Die belofte van rus is steeds van krag omdat dit deel van die skeppingsordonansies is. Dit is as’t ware in die skepping ingeskape, dit is deel van die grondlegging van die wêreld. God se

skeppingswerk het geëindig met die sewende dag as rusdag, en toe het God dit as gereelde rusdag ingestel. Die ganse skepping gaan eindig met die volle realisering van God se rus.

- Die belofte van rus is steeds geldig want God herhaal dit herhaaldelik deur die geskiedenis. Dit het begin met die skepping, dit het gebeur met die belofte van die beloofde land, dit is bevestig toe die tweede geslag die beloofde land ingeneem het, dit is bevestig deur die Hebreërskrywer, en God herhaal dit elke keer deurdat ons hiervan lees in Sy Woord.

Hierdie rus is alleen vir die wat glo. En daarom is dit belangrik dat ons met vrees moet toesien dat ons nie van die is wat agter gaan bly wanneer die belofte van rus vervul word nie. Wanneer die belofte vervul word, sal ons as mensdom ook klaar wees met ons skeppingsopdragte, en sal ons rus soos wat God gerus het toe Sy skeppingswerk voltooi was. Netsoos wat dit nie beteken dat God sedertdien ledig is nie, net soos gaan dit ook nie dan beteken dat ons ledig gaan wees nie. Soos wat God sedert Hy klaar was met Sy skeppingswerk, besig is met Sy verlossingswerk, so gaan ons wanneer ons klaar is met ons skeppingsopdragte, ons verlustig in ons verlossing wat God nou besig is om in ons uit te werk – en dan gaan ons Hom daarvoor grootmaak en prys.

Ter afsluiting, let op wat ons nou al van die Seun se verlossingswerk geleer het in Hebreërs:

- In Heb 2:8-9 het ons gesien dat God reeds alles aan die Seun onderwerp het – en in die rus gaan ons saam met Hom heers, soos wat God as deel van Sy skeppingswerk gesê het moet gebeur
- In Heb 2:14-15 het ons gesien dat die Seun die duiwel reeds oorwin het – die duiwel wat veroorsaak het dat ons tans ons skeppingsopdragte met soveel moeite moet uitvoer.
- En nou in Heb 3 en 4 het ons gesien dat ons oortuig kan wees van die rus wat God as deel van die skepping ten doel gestel het.

Voorwaar het ons 'n volmaakte Verlosser in die Persoon van die Seun. Mag ons ons voortdurend hierin verdiep, en Hom eer soos wat Hy waardig is.